Affiliated to FEDUSA

IMATU

# WES-KAAP NUUS

Streekbestuurder: (Wes-Kaap/Metro) Etienne Bruwer E-pos: ebruwer@imatuwcape.co.za Webwerw: www.imatu.co.za Tel: 021 – 8711919 Faks: 021 872 9039 Adres: Posbus 6083, Paarl, 7620 Nov '11

WES-KAAP
Volume 1 – 2011

## *Binne in:*

**Bls 2:** **Arbeidshof**
**NUR en Bedingingssraad**
**Exco Verteenwoordigers**
**Gelukswense**

**Bls 3:** **Uit die pen van die Streek-bestuurder**
**Arbitrasie resultate**

**Bls 4:** **Arbitrasie resultate (vervolg)**
**Skikkings**

**Bls 5:** **Wat sê die reg**

**Bls 6:** **Imatu vir jou**
**Finansies**
**Lenings**
**Kompetisie**

**Bls 7:** **Wie verteenwoordig jou**

"Tell me and I'll forget. Show me, and I may not remember. Involve me, and I"ll understand. "
-- American Saying

## *KONGRES NUUS*

Ons Federasie, FEDUSA het in die week van 10 November 2011 'n Kongres gehou.

Mnr. Koos Bezuidenhout is as Nasionale President verkies.

## SALARIS DISPUUT

IMATU het die 2010/2011 salaris dispuut na Arbitrasie verwys nadat die werkgewer eensydig die 6,08% geïmplimenteer het.
SAMWU het verkies om nie deel te neem nie.
Die Arbitrasie sal waarskynlik in 2012 gehou word.

## *NUWE APPèL VORMS*

'n Standaard appèl vorm vir appèl teen dissiplinêre verhore is onlangs deur die Nasionale Bedingingsraad opgestel. Die vorm is by u Takbestuur beskikbaar.

# VIVA IMATU!

## ARBEIDSHOF

Verskeie sake dien tans voor die Arbeidshof ten opsigte van , onder andere, beweerde diskriminasie en hersiening van arbitrasietoekennings teen lede gemaak. Die Nasionale arbeidshofsaak ten opsigte van die **wage curve** is afgehandel en ons wag op uitspraak van die Regter.

## HULLE IS DAAR VIR JOU !

### NUR VERTEENWOORDIGERS:

Mnr. Danie Carstens en me. Melanie Vlok is verteenwoordigers op die Nasionale Uitvoerende Raad van IMATU.

Melanie is ook verkies as ***Vise-President: Finansies***

### BEDINGINGSRAAD EXCO:

DanieCarstens
Melanie Vlok

(Melanie is ook verkies as Voorsitter van die Bedingingsraad Exco)

## GELUKWENSE

**THEO BLAAUW van WESKUS DM het R3000.00 gewen tydens die onlangse "Recruitement drive".**

**GELUK THEO!!!!**

Name van streekkomitee lede en takvoorsitters op bladsy 7.

## *Uit die pen van die Streekbestuurder*

Dit was voorwaar ‘n besige en suksesvolle jaar.

Ek wil graag alle takke aanmoedig om **gereeld** lede terugvoer vergaderings te hou en toe te sien dat alle kommunikasie, nuusbriewe ens. by lede uitkom en dat lede bewus is van die kanaal om hul sake na IMATU te verwys.

Ons is toegerus en gereed om lede van ‘n toegewyde, effektiewe en professionele diens te voorsien.

Werwing van lede is krities, aangesien lede ons lewensaar is. Soos u weet word R100.00 “recruitment incentive” aan die werwer van ‘n lid betaal.

Die streek se ledetal het gegroei van 5700 na 6083 – welgedaan!!

Kom ons werk saam om korrupsie uit te roei en die munisipaliteit, u werkgewer, se belange te bevorder en die algemene publiek . Gebruik asb **Takstrukture om** lede se behoeftes onder ons aandag te bring sodat lede die professionele diens ontvang waarop hul geregtig is.

Ek wil graag elke Shopsteward bedank vir die onbaatsugtige diens aan lede en ek wens alle lede ‘n **vreugdevolle Kerstyd toe** saam met hul gesinne. Ons sal **2012** met nuwe inisiatief aanpak om IMATU tot verdere hoogtes te neem.

# ARBITRASIE RESULTATE

Verskeie arbitrasies is namens ons lede gedoen – ons deel graag ‘n paar van die suksesse.

1. **Lid/ Witzenberg Munisipaliteit (Arbitrasie).**
   Die lid is op 20/10/2010 geskors hangende ‘n dissiplinêre verhoor. Die verhoor is op 13/04/2010 afgehandel en lid is nie ontslaan nie. Ten spyte daarvan, het die munisipaliteit geweier om die skorsing te lig. IMATU het ‘n dispuut verklaar wat uiteindelik op 31/03/2011 gefinaliseer is op arbitrasie. In die daaropvolgende toekenning het die arbiter bevind dat die volgehoue skorsing onbillik was, beide met betrekking tot die prosedure en die redes.

2. **Lid / Prins Albert Munisipaliteit (Arbitrasie).**
   Lid is op 31/08/2010 geskors hangende ‘n dissiplinêre verhoor. Weens verskeie redes, het die lid gevoel dat die skorsing onbillik was. IMATU het ‘n dispuut daaroor verwys. Die arbiter het op 21 April 2011 in ons guns beslis met betrekking tot die onbillike prosedure wat gevolg is. Hy het 2 weke se salaris aan lid toegeken as vergoeding.

**(vervolg)**

# ARBITRASIE RESULTATE

3. **Lid/ Swellendam Munisipaliteit (Appèl)**
Lid is op 28/06/2011 summier ontslaan na 'n dissiplinêre verhoor. IMATU het geappelleer teen die sanksie. Die appèl is gehoor op 1/08/2011 en die voorsitter het die appèl gehandhaaf. Lid is terug geplaas in haar pos en die sanksie is gewysig na skorsing vir 5 dae sonder betaling.

4. **Lid/ Swellendam Munisipaliteit (onderhandelinge)**
Lid is in 2006 aangestel op 'n tydelike kontrak as klerk. Sy is egter in diens gehou daarna sonder om haar permanent aan te stel, ten spyte van verskeie versoeke. Ten einde laaste het IMATU 'n dispuut aangaande bevordering na die SALGBC verwys. Uiteindelik het die munisipaliteit aangedui dat daar eerder onderhandel moet word en is Lid uiteindelik in Julie 2011 permanent aangestel.

5. **Lid / Overstrand Munisipaliteit (dissiplinêre verhoor)**
Lid is gedurende Maart 2011 geskors hangende 'n dissiplinêre verhoor, wat na vele dae se verhoor op 21/06/2011 afgehandel is. Sy is onskuldig bevind op al 4 klagtes en haar skorsing is gelig.

# *SKIKKINGS*

Bo en behalwe bogenoemde voorbeelde van bevindings in ons guns, was die kantoor ook suksesvol in verskeie skikkings in dispute namens lede:

1. In die **Drakenstein Mun** is 'n dispuut ten opsigte van die nie-betaling van Langdiens bonusse in terme van die kollektiewe ooreenkoms geskik nadat IMATU 'n dispuut verklaar het.
Al 3 lede het die ooreengekome langdiens bonusse ontvang.

2. **Drakenstein Mun:** Onstslag saak:
Na konsiliasie is 'n lid indiens herstel.

3 **Knysna –** IMATU verklaar dipuut namens ons lede in Wetstoepassing en Sekuriteit weens werkgewer se eensydige wysiging van hulle diensure – skikking word bereik en lede se werksure word herstel itv hulle dienskontrak.

4. **Stellenbosch:** Verskeie onbillike ontslag dispute mbt tot kontrakwerkers is geskik met vergoeding vir die lede.
Dispuut mbt tot nagwerk vergoeding is verklaar waarna die Munisipaliteit die nooddiens werknemers reg gestel het itv hulle dienskontrakte

5. **Drakenstein**: Onbillikke Arbeidspraktyk:
Demosie dispuut is verklaar en geskik met volle regstelling van die lid se funksies en verpligtinge.
Brandweer lid se onbillik ontslag is op appèl geneem en suksesvol geargumenteer vir die lid se herindienstelling

## *Wanneer kan 'n saak vir Arbitrasie verwys word?*

*Nie alle sake is beregbaar nie. Die Wet op Arbeidsverhoudinge klassifiseer dispute wat beregbaar is, Regte geskille en geskille wat nie beregbaar is nie "Belangegeskille".*

## *Regte geskille is:*

*I (1) Onbillike Arbeidspraktyke met betrekking tot bevordering, demovering, of voordele.*
*(2) Onbillike skorsing.*
*(3) Onbillike optrede teen persoon wie beskermde bekendmaking gedoen het.*

*II Ontslag, hetsy as gevolg van wangedrag, gesondheid of prestasie:*
*Al sodanige geskille is beregbaar, met ander woorde 'n dispuut kan verwys word vir konsiliasie, en daarna Arbitrasie.*

→ ***Diskriminasie sake** kan na die Arbeidshof verwys word mits diskriminasie soos bedoel in die Wet bewys kan word op een van die gelyste gronde*

## *Belange geskille is….*

*…daarenteen nie beregbaar nie, en die remedie is 'n staking in terme van die Wet.*

*Sou 'n saak dus **nie** binne die defenisie van 'n onbillike arbeidspraktyk of diskriminasie soos hierbo genoem klassifiseer nie, is dit 'n belange geskil en kan 'n dispuut nie verklaar word nie.*

*'n Verdere remedie vir 'n belange geskil is die griewe prosedure, waar partye per ooreenkoms geskille kan besleg.*

*Die belangrike punt is egter dat griewe wat nie op regte geskille gebaseer is nie, nie beregbaar is nadat die griewe-prosedure uitgeput is nie.*

*Volgende keer skryf ons oor ontslag gebaseer op mediese ongeskiktheid, en die regsvereistes!!*

**Live in the moment**
"Each today, well-lived, makes yesterday a dream of happiness and each tomorrow a vision of hope. Look, therefore, to this one day, for it and it alone is life." - Sanskrit poem -

# IMATU VIR JOU

Meer as 50 verhore is in die laaste ses maande namens lede hanteer.

Elize en Philip was suksesvol in verskeie sake.

Ons is bevoorreg om behalwe die voltydse regsgeleerdes in ons kantoor, ook twee opgeleide en baie ervare voltydse shop stewards in diens te hê. Mnre. Herman Theart en Pieter Raath het beide reeds verskeie suksesvolle verhore en konsultasies met lede gehad en groot suksesse bereik.

## FINANSIES

Die Wes-Kaap streek se boeke is deur Price Waterhouse Coopers geoudit, en 'n "skoon" ouditverslag is ontvang.

Die streek het vir die 2010/2011 finansiële jaar 'n wins van ±600 000 getoon.

## LENINGS

IMATU Streek bied lenings aan lede in terme van ooreengekome kriteria soos per die kredietwet.

Lede word aangemoedig om **Me. Buffel** van die kantoor in die verband te kontak.

## KOMPETISIE

Die oudste vakbond lid wie tans lid is van IMATU word gesoek.

'n **Trofee** deur **Old Mutual** geskenk sal by die volgende Streekkonferensie aan die lid oorhandig word. Kontak ons by die kantoor indien u voel dat u of 'n kollega kwalifiseer.

# WIE VERTEENWOORDIG JOU

## STREEKKOMITEE LEDE:

**Voorsitter:**

DL. Carstens

**Onder-Voorsitter:**

Melanie Vlok

**Lede:**

Danvin Maart

Elsje Gardiner

Jacques Salmon

Francois Willemse

Steven Meyer

Dinka Cloete

**Ex Officio:**

Herman Theart

Pieter Raath

## TAKVOORSITTERS

| | |
|---|---|
| Breedevallei | D. Maart |
| Bergrivier | Albie Basson |
| Beaufort-Wes | Melanie Vlok |
| Bitou | M. Henry Toyis |
| Cederberg | Rhoda Witbooi |
| Drakenstein | Danny Le Roux |
| Eden | Pieter Raath |
| George | Ben Parks |
| Hessequa | Jonathan Kleinhans |
| Kaap Agulhas | Pat Olivier |
| Kaapse Wynland DM | F. Willemse |
| Kannaland | Johanalie Andrews |
| Knysna | Bryan Campher |
| Langeberg | Temba Maqhina |
| Laingsburg | Petro Buys |
| Matzikama | Ansori Dippenaar |
| Mosselbaai | John Fritzgerald |
| Oudtshoorn | Steven Olivier |
| Overstrand | Carl Muller |
| Overberg DM | Dirk Koker |
| Overberg Water | Rita Hanekom |
| Prins Albert | C. Arendse |
| Saldanhabaai | Etienne Scholtz |
| Sentraal Karoo | Johannes Jonkers |
| Stellenbosch | Bennie Fourie |
| Swartland | Jacques Salmon |
| Swellendam | Susan Booysen |
| Theewaterskloof | Fanie Faul |
| Witzenberg | Abraham Christians |
| Weskus DM | Theo Blaauw |